# Kareeberg Munisipaliteit

## Spesiale Raadsvergadering

# Notule

31 Augustus 2016

# MUNISIPALITEIT KAREEBERG

Kantoor van die Munisipale Bestuurder
Posbus 10
**CARNARVON**
8925
25 Augustus 2016

**AAN ALLE RAADSLEDE**

Kennis geskied hiermee dat 'n Spesiale Raadsvergadering gehou sal word in die Raadsaal, Carnarvon op

**WOENSDAG, 31 AUGUSTUS 2016**

**OM 10:00**

**MUNISIPALE BESTUURDER**

## AGENDA

1. **OPENING EN VERWELKOMING**

2. **OORWEGING VAN AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID, INDIEN ENIGE (3.1.1.6.1.4)**

# MUNISIPALITEIT KAREEBERG

**NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE RAAD GEHOU IN DIE RAADSAAL TE CARNARVON OP 31 AUGUSTUS 2016.**

**TEENWOORDIG:** Sy Agbare, Die Burgemeester, Raadslid N.S van Wyk
Raadslid J.E.J. Hoorn
Raadslid E. Hoorn
Raadslid W.D Horne
Raadslid B.J.E Slambee
Raadslid G.P van Louw

**AMPTENARE:** Munisipale Bestuurder
Hoof Operasionele Bestuurder
Hoof Korporatiewe Dienste

**1.** Raadslid B.J.E Slambee open met gebed.

**2.** **BESLUIT:** dat verlof tot afwesigheid aan Raadslid G. Saal toegestaan word.

## 3. INSTELLING VAN KOMITEES (3.1.1.2)

Ingevolge die bepalings van Artikel 79 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, No. 117 van 1998, kan:

1. 'n Munisipale Raad -
   (a) een of meer komitees instel wat nodig is vir die doeltreffende en effektiewe verrigting van enige van sy funksies of die uitoefening van enige van sy bevoegdhede.
   (b) die lede van so 'n komitee vanuit sy lede aanstel; en
   (c) 'n komitee te eniger tyd ontbind.

2. Die Munisipale raad –
   (a) moet die funksie van 'n komitee bepaal;
   (b) kan pligte en bevoegdhede ingevolge artikel 32 aan hom delegeer;
   (c) moet die voorsitter aanstel;
   (d) kan 'n komitee magtig om binne die beperkinge deur die raad bepaal, adviserende lede wat nie lede van die raad is nie te koöpteer;
   (e) kan 'n lid van 'n komitee te eniger tyd ontslaan; en
   (f) kan 'n komitee se prosedure bepaal

Hierdie komitees moet op so 'n wyse saamgestel word dat partye en belange wat in die Munisipale Raad verteenwoordig is, in wesentlik dieselfde verhouding verteenwoordig word as in die Raad.

Die vorige Raad van die Munisipaliteit het die volgende komitees ingestel.

(a) Finansies
(b) Infrastruktuur
(c) Administrasie- en Menslike hulpbronne
(d) Ekonomiese ontwikkeling
(e) Munisipale Openbare Rekeninge Komitee

**AANBEVELING:** ter oorweging.

## 4. BENOEMING VAN VERTEENWOORDIGERS OP SALGA WERKSGROEPE (3.1.1.4)

Die Raad moet verteenwoordigers vir die volgende werksgroepe aanwys:

- Ekonomies
- Finansies
- Sosiale Ontwikkeling en Gesondheid
- Munisipale Dienste
- Menslike Hulpbronne
- Inter-regering

**AANBEVELING:** ter oorweging

3. **BESLUIT:** i) dat die komitees tot drie lede beperk word, behalwe die Finansiële Komitee wat al drie partye in die raad sal verteenwoordig.

ii) dat die komitees as volg saamgestel word:

Finansies
- Raadslid N.S van Wyk (Voorsitter)
- Raadslid J.E.J Hoorn
- Raadslid G.P van Louw
- Raadslid W.D Horne

Infrastruktuur
- Raadslid B.J.E Slambee (Voorsitter)
- Raadslid G. Saal
- Raadslid G.P van Louw
- Raadslid N.S van Wyk (Ex-officio)

Administrasie- en Menslike Hulpbronne:
- Raadslid G. Saal (Voorsitter)
- Raadslid B.J.E Slambee
- Raadslid E. Hoorn
- Raadslid N.S van Wyk (Ex-officio)

Sosiale- en Ekonomiese Ontwikkeling:
- Raadslid J.E.J Hoorn (Voorsitter)
- Raadslid G. Saal
- Raadslid E. Hoorn

Munisipale Openbare Rekeninge Komitee
- Raadslid B.J.E Slambee (Voorsitter)
- Raadslid J.E.J Hoorn
- Raadslid E. Hoorn

**NOTA:** Raadslid W.D Horne teken sy teenstem aan teen die samestelling van die laaste vier komitees, omdat die EFF nie daarin verteenwoordig word nie.

4. **BESLUIT:** i) dat die verteenwoordigers as volg aangewys word:

| | |
|---|---|
| Ekonomies | Raadslid J.E.J Hoorn |
| Finansies | Raadslid N.S van Wyk |
| Solsiale Ontwikkeling en gesondheid: | Raadslid J.E.J Hoorn |
| Munisipale Dienste | Raadslid B.J.E Slambee |
| Menslike Hulpbronne | Raadslid G. Saal |
| Inter-regering | Raadslid N.S van Wyk |

ii) dat die Burgemeester volmag verleen word om ander Raadslede te nomineer om werksgroepe by te woon.

## 5. STAANDE ORDERS: RAADSVERGADERINGS (3.1.1.B)

Die Reglement van Orde waarvolgens die vergaderingsprosedure van die Raad en sy Komitees hanteer word, maak deel uit van die Standaard Verordeninge, soos afgekondig in die Provinsiale Koerant nr. 580 van 4 Desember 2003. Die reglement was reeds onder aparte omslag gesirkuleer.

**AANBEVELING**: ter oorweging.

## 6. VERGADERDATUMS EN TYE (3.1.1.5.21)

Ingevolge artikel 18(2) van die Strukture Wet moet 'n Raad ten minste kwartaalliks vergader.

**AANBEVELING**: ter oorweging

## 7. AANWYS VAN AFGEVAARDIGDES: KONGRES SALGA NOORDKAAP (12.R)

Die Raad kan maksimum drie (3) afgevaardigdes aanwys. Die afvaardigingskoste beloop R1 000.00 per afgevaardigde.

**AANBEVELING**: ter oorweging

5. **BESLUIT**:
i) dat die Reglement van Orde aanvaar word.
ii) dat kennis geneem word dat Raadslid B.J.E Slambee van voorneme is om volgende vergadering 'n mosie in te dien vir 'n byvoeging, sowel as 'n wysiging.

6. **BESLUIT**:
i) dat kwartaalliks vergader word.
ii) dat die Raadsvergadering tussen die drie dorpe roteer word.
iii) dat die Burgemeester 'n skedule sal opstel met vergaderingdatums van die Raad, sowel as die onderskeie komitees.
iv) dat kennis geneem word van die 2017/2018 begrotingskedule.

7. **BESLUIT**: dat die Burgemeester die afgevaardigdes aanwys.

**BEKRAGTIG:** **31 AUGUSTUS 2016** **BURGEMEESTER**